# Program

Datum: 28 - 29 Januarie

Plek: Malagas kerk

## Tema:

Gebed, Herlewing en Wêreldevangelisasie

## Spreker:

Dr. Kobus van Zyl

## Rede / Doel:

- Die 100-jarige Herdenking en Viering van die 1923 Malagas Herlewing;
- Voorbereiding vir 'n nuwe werk van God in ons lewens, kerke, gemeenskap en wêreld.

## Sessies

| | |
|---|---|
| Saterdag, 28 Jan<br>Sessie 1, 09:00 | **Herlewing... Waar begin dit?** |
| Saterdag, 28 Jan<br>Sessie 2, 11:00 | **Herlewing... Waar lé die geheim?** |
| Saterdag, 28 Jan<br>Sessie 3, 14:00 | **Herlewing... Waarheen lei dit?** |
| Sondag, 29 Jan<br>Erediens, 09:30 | **Herlewing, gebed en wêreldevangelisasie.** |

## Bywoning en registrasie

Koste: Gratis (Saterdag middagete ingesluit)

RSVP Maandag 23 Januarie by Tobie de Wet (NB vir spysenieringe):
tobiedewet@hotmail.com; 072 034 6515



# Dr. Kobus van zyl

*Spreker*

## GESIN:

Hy is getroud met Liezel en hulle het drie kinders, Jané, Jacobus en Christoff.

## HUIDIGLIK:

Tans is hy predikant aan die NG Gemeente, Reebok, waar hy as tentmaker aan die gemeente verbind is met 'n spesiale opdrag, naamlik Missionale gebedsbediening in Afrika.

## AGTERGROND

**REFORMED INSTITUTION FOR THEOLOGICAL TRAINING IN ELDORET, KENIA**

*Hier was hy vanaf 1995 - 2000 'n dosent in Missiologie en Homiletiek.*

**HEFSIBA CHRISTIAN TRAINING CENTRE OP VILA ULONGUE IN MOSAMBIEK**

Vanaf 2000-2004 was hy hier verbonde waar hy dosent was in Missiologie, Grieks en Navorsingsmetodiek.

**EMMANUEL CHRISTIAN TRAINING CENTRE IN SUID-SOEDAN**

Sedert 1998 is hy 'n deeltydse dosent hier.

## BOEKE

- Hy is die outeur van, **The impact of Reformed Missions on the origin, growth and identity of the Reformed Church of East Africa** (1905-2000). Dit is in 2001 gepubliseer.
- Die eerste boek oor gebed wat uit sy pen verskyn het was in 2016 met die titel: **Gebed, n lewensreis met God.**

# REDES EN MOTIVERING
## vir die herlewingskonferensie

1) Ter herrinnering aan en viering van die geestelike herlewing wat in 1923 (100 jaar gelede) in die ou historiese Malagaskerkie uitgebreek en soos ‘n veldbrand in die omgewing versprei het waarvan die kerklike tydskrifte van daardie tyd getuig het dat dit 'n vrymagtige bonatuurlike werk van God deur sy Gees was.

2) By die herrinnering aan wat God gedoen het, kom ‘n groep Malagassers reeds vir baie jare elke maand op ‘n Sondagaand op Malagas saam om te bid vir geestelike herlewing in ons eie lewe, ons gemeenskap en in ons kerke. Hierdie is ook die derde Herlewingskonferensie op Malagas.

3) Daar is by ons almal 'n ernstige besef van ons eie geestelike nood sowel as die van ons kerk, ons omgewing, dorp, land en wereld en ‘n diepe behoefte aan geestelike verdieping (herlewing), aan ‘n meer vrugbare gebedslewe en aan ‘n lewe wat meer en meer aan God se roeping en doel beantwoord rondom die uitbreiding van Sy Koninkryk op aarde.
Plus ‘n brandende begeerte en volhardende gebede dat dit waar sal wees van al God se kinders en sy hele kerk (vanaf Malagas en tot aan die einde van die aarde!!).

4) Die Woord van die Here (Ou en Nuwe Testament) is inderdaad vol heerlike beloftes van geestelike vernuwing en verdieping, beloftes wat in Christus waar is en deur die Heilige Gees, in antwoord op gelowige en volhardenede gebed, in ons persoonlike lewe en in Sy kerk waar gemaak word (Efesiers 3:14-21).

5) Geestelike konferensies en retreattes, seminare en kampe vir kinders, jongmense, vroue, manne, huwelikspare, gesinne, gemeentes het oor die jare ‘n belangrike bydrae gelewer tot geestelike vernuwing vir individue en groepe. Herlewings in die geskiedenis en in ons eie land (en op Malagas) is gewoonlik vooraf gegaan deur sulke konferensies en bidure en prediking wat gelowiges se honger en dors, verwagting en geloof en toewyding verdiep het.

6) Die doel van 'n Godgewerkte herlewing is nie 'n tydelike oppervlakkige lekker-gevoel emosionele opwekking nie, maar 'n verdieping van ons verhouding en daaglikse wandel met Jesus Christus en toerusting vir die uitlewing van ons getuienis-, evangelisasie- en sendingroeping en taak in die wereld (Handelinge 1:8; Handelinge 4:31...).